COMMUNITY NEWSPAPER
hello Winter
GansBerg Nuus/News
PRICE R12.00
6 Junie 2025
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford
254ste Uitgawe

# Dienslewering is prioriteit by Chatz Connect Gansbaai (Overcell)

Vir Francois van der Westhuizen, eienaar van *Chatz Connect Gansbaai* (*Overcell*), of soos algemeen bekend onder gemeenskapslede, *Francois se 'Vodacom-winkel'*, is goeie dienslewering 'n eerste prioriteit en belangriker as die produkte wat hy beskikbaar het. "'n Tevrede kliënt met dienslewering, vertel vir 1 persoon - 'n ontevrede kliënt oor swak dienslewering, vertel dit vir 9 ander," het Francois gesê. 'n Ander uitstaande kenmerk van hom is dat hy glo die eienaar van 'n besigheid moet betrokke wees - kliënte moet weet wie die eienaar is en hy moet sigbaar wees. Francois en sy eggenote, Gwyneth, met hulle knap assistent, Sonet le Roux wat die pad al sowat 4 jaar saam met hulle stap, beman tans die winkel.

Aanvanklik was die winkel vir sowat 3 jaar op 3 verskillende plekke in Hoofstraat, voordat Francois in 2002 na die Great White Junction verhuis het, waar die diere-produkte winkel nou is. Daar was hy en sy span bekende gesigte tot 2021, sowat 19 jaar, totdat hy net oor die gang na 'n nuwe winkelruimte verhuis het. Na sowat 4 jaar daar, het hy op 1 April 2025 na die winkel op die hoek in die bekende 'Kekkel en Kraai'-gebou verhuis. Vir sy besigheid is dit nie 'n probleem nie - sy gereelde kliënte weet waar om hom te kry, en die wat nie weet nie, of wat besoekers is, vind baie vinnig uit, aangesien hy nie net baie bekend is en 'n goeie naam vir homself gemaak het nie, maar ook is hy die enigste Vodacomhandelaar in Gansbaai. Die dienste wat gelewer word is onder andere: '*New Contracts, Upgrades, Cash Phones, Accessories, Fibre, Wireless Internet, Prepaid, SIM Swop*'. Daar draai mens nie om voordat jou probleem nie opgelos is nie.



**_Gwyneth en Francois van der Westhuizen, met Sonet le Roux in die middel._**

Francois is oorspronklik van die Kaap en daarna na Bonnievale, waar hy sy groot liefde, Gwyneth, ontmoet het. 'n Tweeling (18), Elmar en Cara, is uit die huwelik gebore. Baie is al in Gansbaai oor die tweeling met hulle uitstaande sport- en musiektalente geskryf. Die twee het egter 'n verantwoordelike besluit geneem en dit is om vanjaar in hul matriekjaar af te skaal met hul sport- en musiekbedrywighede en eerder op hulle studies te fokus vir goeie punte met die oog op beurse. Cara beplan 'n mediese rigting en Elmar 'n besigheidsrigting.

Interessant genoeg, die egpaar is in Oos-Londen by Pep Stores opgelei. Francois was op die punt om na Streeksbestuurder bevorder te word en Gwyneth na Areabestuurder. Toe bedank altwee van hulle en hulle het nog nooit weer teruggekyk nie.

Besigheidsure is: Weeksdae 08:00-17:30, Saterdae 08:00-14:00 en Sondae 09:00-13:00. "Dan is ons ook op alle vakansiedae oop, behalwe op Kersdag. Vir uitstekende diens, besoek hulle gerus by Hoofstraat 64, op die hoek van die bekende 'Kekkel & Kraai' kompleks, of skakel hulle by 079 887 8404, of stuur 'n epos aan overcell@vodadealers.co.za.

**Hardus Botha**







# Stranded Humpback whale at Robberg Nature Reserve



A young female Humpback whale that stranded on the Island Beach at Robberg Nature Reserve on Monday, 19 May 2025, was humanely euthanised the following morning after multiple failed rescue attempts and a subsequent expert assessment. The incident mobilised a swift response from the Plett Stranding Network, CapeNature, marine mammal experts, and supporting partners including the National Sea Rescue Institute (NSRI) and the South African Police Service (SAPS).

The whale appeared to have run aground on a sandbank and Robberg Nature Reserve personnel were on site to monitor the whale and manage public access to prevent further distress or harm. The whale, estimated to be between six and seven metres in length, was likely a calf from the 2023/2024 calving season. “She appeared to be in good body condition, which made her a candidate for rescue,” said Chanel Visser, senior marine field ranger. “It's possible she became stranded due to navigational error during her northward migration, or there may have been underlying health issues.”

In consultation with whale scientist Dr Gwenith Penry, the NSRI, and CapeNature rangers, the decision was made to attempt a refloat. Over several hours, the team successfully guided the whale back into deeper water on several occasions. However, the whale turned around and re-stranded on all attempts and the team stood down just before sunset.
Though rescue teams are trained and passionate, many factors work against a successful return to the sea. The sheer size and weight of the whale is a challenge. Whales can weigh tens of tons (this one likely weighed five to six tons). Once on land, their own weight can crush their internal organs and cause irreparable damage. The trauma of stranding, combined with dehydration and sun exposure, can put the animal into shock. Even if a



whale is refloated, it may strand again if it's confused, ill, or physically unable to swim effectively. Strandings are rarely the result of one simple cause. Often, they involve a combination of issues. A sick or injured whale may lose strength or become disoriented, leading it into shallow water. Whales use echolocation and shallow sloping beaches like those along the southern Cape can confuse their sonar. In some species (not Humpbacks), whales strand together out of loyalty to one another, even if only one individual is in distress. Shifts in ocean temperature, prey movement, or even underwater noise pollution can cause whales to enter unfamiliar or dangerous areas.

With the whale alive but stranded again on the morning of Tuesday, 20 May, and with public access restricted to ensure safety, the Plett Stranding Network made the difficult decision to proceed with humane euthanasia. The operation was led by SAPS bomb squad expert Johan Ehlers, who has extensive experience in large mammal euthanasia. “While deeply distressing, this was the kindest option to prevent further suffering,” said Visser. “Drug injections are not viable for whales due to their physiology. Explosives remain the most humane method.”
The euthanasia was carried out successfully and the whale will contribute to scientific knowledge and conservation efforts. Blubber and muscle samples have been collected for further research, and additional data will be gathered to support long-term monitoring of whale health, disease, reproduction, and threats in the marine environment. The carcass will be towed out to deep sea for disposal within the next week.
“This incident, while heart-breaking, showed the incredible collaboration and resilience of our network,” said Visser. “We've learned valuable lessons and grown both professionally and personally.”
A selection of images available at this link: https://we.tl/t-Q8SBdRY1lq

(*Article shortened: Hardus Botha*)
**General Manager: Advocacy Petro van Rhyn**


**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct the of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Fynbos Academy needs support

Fynbos Academy on the farm, Langverwacht, Papiesvlei, Stanford, originally started as an informal daycare center established by a fynbos farmer in Stanford over a decade ago to provide a safe place for children after school. Since then it has grown and developed into a fully-fledged academy, registered as an independent school with the Department of Education as *Fynbos Academy*.

The original daycare center established on the farm was set up to provide a safe place for children to go after school whilst their parents were out working. However, once opened, it did not take long for the teachers in charge to realize that most of the children in their care were far behind where they should be academically.




It was gradually realized that these children needed help, so the decision was made to upgrade the daycare center and turn it into a facility that provides professionally qualified educators to assist with daily homework and extra tuition in literacy and numeracy required to enable each child to reach their full potential. The center became the first academy that was born out of the project and was renamed *Fynbos Academy*.

Apart from assisting with daily homework, professionally qualified educators also provide extra tuition in literacy and numeracy to enable each child to reach his or her full potential. There are 58 learners - grades RR to 7, and 7 teachers. The children are transported daily from a radius of approximately 40 kilometers, mostly from surrounding farms, and they receive 2 meals a day. Fynbos Academy strive to have smaller classes to assist learners who come from difficult circumstances and are unlikely to do well in bigger classes. The main areas where they require support and partnership are: *Educator salaries; *Vehicles running cost ±R1,039 000 per year; *Two additional busses; *Food; *Stationary and textbooks; *School roof replacement.

**Their future vision:**
The dream would be to expand the current Primary school into a High school over the next 5 years; the availability of land is 13,000m2; their first priority would be to get the school to a sustainable financial position. After this goal is reached. This will require investments to create further facilities. The dream after this is to offer tertiary education on the premises, with a strong focus on technical and agricultural skills development.

Fynbos Academy is a South African registered Non-Profit Organization - 195-240 NPO and is supported by GrapeHub Foundation, a Dutch ANBI registered institution created by GrapeHub B.V. For interested businesses and individuals who are interested to join their cause, Fynbos Academy would love to hear from you: Tel 087 405 2233; WhatsApp 064 880 4632; email info@impaq.co.za; website www.fynbosacademy.co.za.
Their banking details are: Fynbos Academy; ABSA current account no 4084 974 087 ABSA; branch 632005.

**Hardus Botha**












# Medical 911

CMC Critical Medical Care
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON | OVERBERG

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

Overstrand Medical Response
More Than Just EMS
078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335


# Polisie Bond verkeer gesellig



*Die Polise Bond se geselige byeenkoms, met Sylvie Agenbach agter links*

Die Polisie Bond in hierdie area reël 5 gesellige byeenkomste per jaar - 2 in Gansbaai, 2 in Hermanus en hulle jaarafsluiting vind in Hermanus plaas, telkens met 'n gasvrou wat die reëlings tref. Die onlangse byeenkoms se reëlings is deur Sylvie Agenbach van Franskraal gereël. Die oud-polisiebeamptes en afgestorwenes se weduwees, maak seker hulle vergeet mekaar nie, terwyl hulle ook hulp aan bejaardes lewer. Tans bestaan die omgewing se Polisie Bond uit 48 lede en dit sluit lede en weduwees vanaf Hermanus tot by Struisbaai in.

Die meeste van die lede is bo die ouderdom van 80 jaar. Hulle oudste lid is die weduwee Betsie van der Merwe (99) van De Kelders en sy het die funksies gereeld bygewoon wanneer haar gesondheid dit toegelaat het.

Tans bestaan die Polisie Bond Bestuur uit: Kol Cyril Goussard (voorsitter), Piet Haumann (visie-voorsitter), Annatjie Haumann (sekretaresse), Kol William Warrington (Finansies) en organiseerders Sylvie Agenbach en Brig Riaan Booysen, met bykomende lede AdjOff Robert Giles en Brig Leon Marryatt. Daleen Potgieter is die afgevaardigde vir die versorging van bejaardes.

“Vanjaar se Polisie Bond se byeenkoms het ek by Zesty Lemon restuarant op die plaas van Nadine Streitzel van Duitsland by Stanford gereël en dit was 'n groot sukses,” vertel Sylvie Agenbach van Franskraal. “Zesty Lemon se kos en diens was vanuit die boonste rakke en almal het dit terdeë geniet.”

**Hardus Botha**




*Die oudste lid, Betsie van der Merwe (99).*



*Die knap span van Zesty Lemon restuarant: Tenaka, Allen (bestuurder) en Hermine van Zyl (eienares).*

## VACANCY




## ADVERT OF THE WEEK






**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Michelle:
078 010 8286
michelle@gansberg.co.za
Saskia:
068 697 9945
saskia@gansberg.co.za

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

# Large amount of dagga sized



On 29 May 2025 around 14:30 Gansbaai police were on their routine patrols in Masakhane. They noticed 2 suspicious men, who saw the police, and started to run in the direction of the house they came out. The officers gave chase and apprehended both suspects in the house. The house was searched and a large amount of dagga was sized. The suspects were immediately arrested and were charged with dealing in dagga. The Station Commander, Col Janse van Rensburg, applauded his members for the good work.

The suspects have appeared before the Hermanus magistrates court and the case is on going for further investigations.

**Sgt Abigail Naidoo, Communications Officer**

"News that speaks to you. From breaking stories to inspiring features - everything you need, every day."



**Nuwe Burgemeesterskomiteelede aangekondig:**

**Die Uitvoerende Burgemeester van Overstrand, Archie Klaas, met sy Burgemeesterskomiteelede Ronald Nutt (Gemeenskapsdienste), Clinton Lerm (Infrastruktuurdienste), Adjunk-Burgemeester Elnora Gillion (wat as portefeuljehoof van Beplanning en Ontwikkeling sal dien), Arnie Africa (Korporatiewe Dienste) en Andrew Komani (Munisipale Openbare Veiligheid). Stephen Williams (Finansies) was nie beskikbaar vir die foto nie.**

**Hardus Botha**




## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### BUDGET & TARIFFS FOR THE 2025/2026 FINANCIAL YEAR

Notice is hereby given that on 29 May 2025 the Council approved rates, levies, tariffs and fees payable during the 2025/2026 financial year in terms of Section 229 of the Constitution of the RSA, 1996 (Act 108 of 1996) and Section 74 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000), as amended.

The said resolution was adopted with the approval of the Budget for the 2025/2026 financial year in accordance with Section 24 of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003). The general purpose of the resolution is to provide for revenue, expenditure, capital appropriations and rates, levies, tariffs and fees payable with effect from 1 July 2025. Full particulars of the budget and tariffs are available for perusal during office hours at the offices of the Public Liaison Managers in Gansbaai/Stanford, Hermanus and Kleinmond, in all Overstrand public libraries, the Corporate Head Office in Hermanus and on our website (www.overstrand.gov.za).

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### BEGROTING EN TARIEWE VIR DIE 2025/2026 FINANSIËLE JAAR

Kennis geskied hiermee dat die Raad op 29 Mei 2025 die belastings, heffings, tariewe en fooie betaalbaar gedurende die 2025/2026 finansiële jaar kragtens Artikel 229 van die Grondwet van die RSA, 1996 (Wet 108 van 1996) en Artikel 74 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), soos gewysig, goedgekeur het.

Voorgenoemde besluit is geneem met die goedkeuring van die Begroting vir die 2025/2026 finansiële jaar, ingevolge Artikel 24 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003). Die algemene strekking van die besluit is om voorsiening te maak vir die inkomste, uitgawes, kapitaalbewilligings en belastings, heffings, tariewe en fooie wat vanaf 1 Julie 2025 betaalbaar sal wees. Volledige besonderhede van die begroting en tariewe is ter insigting by die kantore van die Openbare Skakelbestuurders in Gansbaai/Stanford, Hermanus en Kleinmond, in alle openbare biblioteke in die Overstrand, die Korporatiewe Hoofkantoor in Hermanus en op ons webwerf (www.overstrand.gov.za).

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### UHLAHLOLWABIWO-MALI & AMAXABISO ONYAKAMALI 2025/2026

Apha kwaziswa ukuba ngomhla wama-29 Meyi 2025 iBhunga lamkele iirhafu, iintlawulo namaxabiso zonyakamali wama-2025/2026 ngokweCandelo lama-229 loMgaqosiseko woMzantsi Afrika 1996 (uMthetho 108 we-1996) neCandelo lama-74 loMthetho wooMasipala: uMthetho weeNkqubo zikaMasipala, 2000 (uMthetho 32 wowama-2000) njengoko ulungisiwe.

Esi sigqibo samkelwe, xabekuvunywa uHlahlolwabiwo-mali lonyaka-mali wama-2025/2026, ngokweCandelo lama-24 loMthetho kaRhulumente wooMasipala: uMthetho woLawulo lweemali zikaMasipala, 2003 (uMthetho 56 wowama-2003). Injongo yesi sigqibo kukubonelela ngengeniso, inkcitho, ulwabiwo-mali neerhafu, iintlawulo namaxabiso amele kuhlawulwa ukususela ngomhla wo-1 Julayi 2025. Iinkcukacha ezipheleleyo zoHlahlo lwabiwo-mali kunye neerhafu ziyafumaneka ukuze zifundwe ngamaxesha omsebenzi kwii-ofisi zaBaphathi boNxibelelwano noLuntu eGansbaai/Stanford, Hermanus naseKleinmond, nakuwo onke amathala eeNcwadi ountu aseOverstrand, kuNdlunkulu weNkampani eHermanus nakwiwebhusayithi yethu (www.overstrand.gov.za).

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 108/2025

153718

"Your ad belongs here.
The Gans-Berg Newspaper reaches readers who trust what they read.
Make your business the next thing they see."

# VACANCY / FAKATURE

VEOLIA

POSITION: **Senior Process Controller (Remote Sites - Franskraal WWTW)**

**REQUIRED COMPETENCY AND/OR QUALIFICATIONS:**

- Grade 12 plus maths and physical science
- NQF2 Operator Certificate in Water and Waste Treatment
- Registered at least as a Class 2 Process Controller with the Department of Water & Sanitation.
- 5 years relevant experience at a class C works or higher treatment plant
- The incumbent must have a strong working knowledge of treatment technologies.
- Must be able to read operational manuals and other resources to apply knowledge for the effect, efficient and sustainable management and operation for treatment plants.
- Computer Literacy – in the google workspace tools and experience in the cloud.
- Valid driver's license.
- Form part of rotational shift cycles.

STARTING DATE: As soon as possible

APPLICATIONS, IN THE FORM OF A CV, COVERING LETTER WITH CERTIFICATES, SHOULD BE SUBMITTED TO RUTH WEIDEMAN (ruth.weideman@veolia.com) HR DEPARTMENT IN HERMANUS BY NO LATER THAN THE CLOSE OF BUSINESS, **Thursday, 12 June 2025**.

SHOULD APPLICANTS NOT HAVE RECEIVED A RESPONSE WITHIN 30 DAYS OF THEIR APPLICATION THEY SHOULD CONSIDER THEIR APPLICATION AS UNSUCCESSFUL.

# NOTICE

Section 29 Administration of Estates Act 66 of 1965

## Executor's Notice

In the estate of the late ELMA GEARD HUNTER No.005699/2025, Identity Number 3901110034085 who was ordinarily resident at 6 Quick Street, Stanford, and who died at Belvidere, Knysna on 13 December 2024.

All persons having claims against the above estate are hereby called upon to file their claims via email or delivery, with the undersigned within the next 30 days from the date of publication hereof.

**DATED AT STANFORD ON THIS 15TH DAY OF APRIL 2025**
**BEVERLEY GAIL HAYWOOD**
**EXECUTOR**
**42 LONGMARKET STREET**
**STANFORD, 7210**
Email: beverley@haywoodattorneys.co.za

"Gans-Berg Newspaper - The voice of our Community.
Local stories, Real People, Trusted Journalism."

# Boomplanting vir simbolisering van Kerkeenheid



***Norman Sauls (VGK) en Floors Avenant (NGK).***

Sondag, 25 Mei 2025 was 'n Sending Sondag (Missionaal) wat diep in die harte van die NG- en VG-gemeentes ingekruip het.

'n Goed geordende en gesamentlike Erediens van die NG-/VG-gemeentes, onder leiding van ds Foors Avenant, is aangebied - die vieringe het ook met Wêreld Afrikadag saamgeval. Wêreld Afrikadag gedenk die stigting van die Organisasie vir Afrika-eenheid op 25 Mei. Na afloop van die besonderse diens, is twee bome as simbolisering van die twee gemeentes geplant.

Dr Daniël de Wet van Getuienisaksie was aan die woord tydens die diens en sy tema was '*Die roeping van die kerk soos in tye soos hierdie met die klem op die rol van plaaslike gemeentes*.' Daarna het die ds Sean Esterhuizen van Diaconia van die Wes-Kaap Sinode opgetree met sy tema van '*Diakonia - Ontmoeting met God in Diensbaarheid*'. "Ons vier vandag hierdie saam-behoort, ons gesamentlike geroepenheid en ons saam-in-diens-wees tydens hierdie Erediens," het Floors gesê.

Tussendeur het die kore van die VGK en NGK afsonderlik en gesamentlik gepaste liedere gesing.

Betrokkenes saam met Floors op die kansel was ds Dirk van Dyk, dr Daniël de Wet en ds Sean Esterhuizen. Na afloop van die diens is die gemeente vir 'n koppie tee/koffie en verversings in die Kleinsaaltjie genooi.

Daarna is belangstellendes genooi om die amptelike boomplanting as simbolisering van die eenheid tussen die VG-/NG-gemeentes by te woon. Twee Waterpeerbome, wat regoor Afrika voorkom, is onderskeidelik en met groot opgewondenheid geplant.

Reeds in Mei 2024, saam met die 80ste bestaansjaar van die NGK, is die Gansbaai NG-/VG-gemeents saamgevoeg om as 'n eenheid te funksioneer - asook en spesifiek Bediening Missionaal (NGK) en Getuienisaksie (VGK), onder die nuwe naam: *Gansbaai NH-/VG Bediening Missionaal*. "So is ons toenemend gehoorsaam aan die deel van die eenheid in die Drie-Eenheid en aan die oproepe in die Nuwe Testament daarrondom," ds Floors gesê. "Vandag vier ons hierdie saam-behoort, ons gesamentlike geroepenheid en ons saam-in-diens-wees."

Die Sendingsondag is afgesluit met 'n smaaklike aansitete, voorberei deur die NGK se Bediening Gasvryheid se knap dames. Alle dienende NG-/VG-leraars, besoekende leraars en enkele genooide gaste kon die middagmaal geniet en gesellig saamkuier.




***Dr Daniël de Wet, Ds Sean Esterhuizen, Ds Floors Avenant.***

**Hardus Botha**





***VGK-koor, NGK-koor***

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 06/06/2025 | Saturday 07/06/2025 | Sunday 08/06/2025 | Monday 09/06/2025 | Tuesday 10/06/2025 | Wednesday 11/06/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| 17° | 14° | 12° | 14° | 16° | 17° |
| Moderate breeze 6 m/s from north-west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from north-west 7.7 mm precipitation. | Strong Breeze 11 m/s from west 35 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south-east 0.4 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Light Air 1m/s from south-west 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 6 June | 1233 | 0038 | 0625 | 1823 |
| 7 June | 1314 | 0116 | 0703 | 1904 |
| 8 June | 1351 | 0152 | 0737 | 1941 |
| 9 June | 1426 | 0200 | 0810 | 2017 |
| 10 June | 0225 | 1500 | 0842 | 2052 |
| 11 June | 0259 | 1534 | 0914 | 2127 |
| 12 June | 0333 | 1608 | 0947 | 2203 |
| 13 June | 0408 | 1643 | 1021 | 2242 |
| 14 June | 0446 | 1720 | 1057 | 2325 |
| 15 June | 0528 | 1802 | 1137 | 0012 |
| 16 June | 0615 | 1849 | 1222 | 0108 |
| 17 June | 0709 | 1943 | 1314 | 0200 |
| 18 June | 0812 | 2045 | 0212 | 1416 |
| 19 June | 0924 | 2154 | 0323 | 1527 |

# Voet in die visblik

Sedert my onthou staan die reuse visblik in Gansbaai Marine se voortuin. Dis net haar rok wat wissel van krismisblink tot begrafnisvaal. Dat sy van naam verander het, wys dat sy iewers op 'n dag getrou het. So af en toe dink iemand genoeg van haar om vir 'n foto om haar lyf te vat, maar andersins leef sy maar 'n eensame lewe.

*Your Lucky Star, California* was die begin van die visinlegindustrie in 1930 en het wêreldwyd uitgevoer. In 1937 is die handelsnaam *Glenryck* in Suid-Afrika geregistreer. Die naam is gegenereer vanaf ene Jamie Jameson, 'n Kapenaar, se kinders se name t.w. Glenda en Derryck.




In 1940 stort die Kaliforniese mark in duie  weens oor uitbuiting van die bronne en die South African Pelagic Fishing Industry bring die Kaliforniese toerusting na Walvisbaai. 1950 sien die koms van Federated Fish Packers Pty Ltd met *Glenryck Pilchards* en *Saldanha Pilchards* as handelsmerke. In 1959 bekom FFP die handelsnaam *Your Lucky Star* en verander dit na *Lucky Star.* FFP word Federal Marine Ltd, wat die bogenoemde handelsmerke vervaardig en versprei. Dit vind plaas in die vroeë 1960's toe Gansbaai Marine ook tot standgekom het.
